Suid Afrikaanse Stoeifederasie
South African Wrestling Federation

Mnr HP. Van Heerden
Bloemstraat 29
POTCHEFSTROOM
2531

SEL: 082 701 5616
FAX: 086 567 5616

E-POS: hpvh@vodamail.co.za

18 Januarie 2010

WEB PAGE:- http://www.wrestling.org.za

OMSENDSKRYWE 01/2010

Die Uitvoerende Bestuur en wens almal 'n voorspoedige nuwe jaar toe en vertrou dit gaan 'n wonderlike jaar vir ons almal wees.

Neem asb kennis van die volgende belangrike punte en verseker asb dat die inligting na almal in die vereniging versprei word.

ADMINISTRATIEWE RAAD SAKE

S.A. ADMIN KURSUSSE - 2010:

Daar gaan die jaar 2 S.A. Admin kursusse wees: Op 30 Januarie 2010 per streek en op 13 Maart 2010 te Pretoria tydens die Limpopo Ope.
Al die reelings is sover op plek in die verskeie streke.
Die name van die persone wat die Admin kursus gaan bywoon van die Stoeiverenigings moet op 25 Januarie 2010 na die onderskeie kursusleiers gestuur word.
Admin Beamptes wat gaan optree tydens die S.A. Gradering – soos die lys wat uitgestuur is - moet die Admin Kursus op 30 Januarie 2010 bywoon om te kan optree.
Daar vind ook 'n "Capacity Bluiding Admin" kursus plaas op 29 Januarie 2010 by die O.P.

ONTWIKKELING SAKE

Die Ontwikkelingskomitee versoek asseblief alle vereenigings om so gou as moontlik deurgestuur word aan die voorsitter van die komitee Mr Jan Bezuidenhout. (E-Pos: jabez@vodamial.co.za).

In die toekoms moet alle aansoeke vir befondsing en of ontwikkelings kampe en alle ander ontwikkelings aangeleendhede na Mr Jan Bezuidenhout gestuur word en hy sal dit dan deur stuur na SASF. Die inligting moet oog ge-CC word na Mr Faizel van Wyk (E-Pos: faizel.vanwyk@dana.com).

Bogenoemde sluit nie die HUB veslae in wat na Mr Piete Smit toe gaan nie dit moet nog steeds soos in die verlede hanteer word alhoewel dit sal goed wees om die verslae na Mr Bezuidenhout te CC.

BEAMPTE RAAD SAKE

Die beampte kursuse word hierdie jaar by die verskillende sentra's aangebied sodat die beamptes die geleendheid het om die kursus by te woon.

Die kursus sal kortliks die volgende behels: Die seminaar: Die kursus en die teoretiese eksamen. 'n Groot deel van die kursus sal op die mat plaasvind sodat andwoorde gegee kan word op probleem punte, wat hierdie dan 'n praktiese kursus sal maak. Die toetsing sal nog steeds tydens SA aangeleendhede gedoen word.

AFRIGTER SAKE

1. **Afrigters Werkswinkel**

   Die Afrigters Werkswinkel vind plaas op **Saterdag 30 Januarie 2010** in die Noord- Gauteng Saal. Ons versoek dat al die Verenigings hulle Hoofafrigter na die werkswinkel sal stuur. Elke Vereniging kan twee verteenwoordigers stuur, m.a.w. die hoofafrigter en nog een persoon. Ons wil die geleentheid gebruik om belangrike afrigter sake te bespreek nl. die jaar se nasionale kursusse, provinsiale kursusse, nasionale oefengroep en tye, graderings, leerstof vir kursusse, lang termyn stoeier ontwikkeling, stoeireëls, algemene kommunikasie asook afrigter registrasies. Die besonderhede is as volg:

   Plek: **Noord-Gauteng Saal in Pretoria**
   Tyd: **Registrasie 08:00 – 08:30 (Ons behoort teen 14:30 te verdaag)**
   Koste: **Gratis vir eerste persoon en R50-00 vir tweede persoon.**

   Ons versoek dat al die verenigings die name van persone wat die werkswinkel gaan bywoon teen **Dinsdag 26 Jan 2010** aan Esta van Zyl by (082 290 7561 en e-pos: evanzyl@phumelela.com) sal stuur.

2. **Nominasies vir Internasionale toere**

Ons versoek dat alle belangstellende afrigters wat kwalifiseer, hulle nominasies in sal stuur aan die SASF Sekretaris Generaal voor of op Maandag 15 Februarie 2010. Al die aangeleenthede verskyn wel op die kalender.

3. **Nasionale Oefening**

Die nasionale oefening begin weer op 3 Februarie 2010 te NG Saal in Pretoria. Die oefening sal weer op ’n maand vir maand basis tussen Pretoria en Primrose afwissel. Die Oefen datums en tye vir die PWV gebied tot en met Julie 2010 is as volg:

- 24 ste Februarie in NG Saal Pretoria
- 3, 10, 17, 24 en 31 Maart in Primrose by Primrose Stoeiklub
- 7, 14, 21 en 28 April in NG Saal Pretoria
- 5, 12, 19 en 26 Mei in Primrose by Primrose Stoeiklub
- 2, 23 en 30 Junie in NG Saal Pretoria

Die oefen datums en tye vir die nasionale oefen groepe buite die PWV gebied, sal deur die onderskeie verantwoordelike persone deurgegee word aan die stoeiers in die betrokke oefen groepe.

4. **Provinsiale Kursusse**

Verenigings word versoek om die datums van hulle provinsiale kursusse in te stuur vir die Afrigters Komitee. Ons wil graag weet waar en wanneer dit plaasvind, sodat ’n lid afgevaardig kan word om dit by te woon ten einde die kursus te evalueer en hulp aan te bied waar nodig.

5. **Afrigter Graderings**

Die vereistes m.b.t. die opgradering van afrigters het as volg verander:

- Opgradering na SA Vlak 1 – Moet reeds ’n provinsiaal vlak 3 of provinsiale instrukteur wees. Die betrokke afrigter moet ook reeds vir drie jaar op provinsiale vlak geregistreer wees.
- Opgradering na SA Vlak 2 – Moet oor ’n SA Vlak 1 gradering beskik.
- Opgradering na SA Vlak 3 – Moet oor ’n SA Vlak 2 gradering beskik vir een volle kalender jaar.
- Opgradering na SA Vlak 4 – Moet oor ’n SA Vlak 3 gradering beskik vir een volle kalender jaar.

Nuwe SA Vlak 1,2 en 3 graderings sal eers aan die begin van die volgende kalender jaar inwerking tree nadat die afrigter die eksamen suksesvol afgelê het.

Die verandering in graderings sal ook bespreek en verduidelik word by ons werkswinkel.

HULP TESOURIER SAKE

SPANBESTUURDER SAKE

Kursusse

Soos almal weet moet ‘n Spanbestuurder Admin/Beampte/afrigters kursusse **bywoon** om graderings te behou en vir opgraderings, ons gaan vanjaar saam met die Admin ons kursusse hou met die gedagte dat ons die dele wat oorvleul saam sal doen en dan sal die Spanbest. Apart v/d Admin persone afsluit. Kostes word natuurlik gespaar waar u dan ook nie vir 2 geleenthede hoef tyd te maak nie. Eksamens sal in die vorm van ‘n taak wees asook ‘n verslag. Spanbest. wat eksamen suksesvol by die Admin aflê sal krediet kry daarvoor en hoef nie dan ‘n taak ook afte lê nie. Daar sal in die streke later in die jaar kans gegee word vir persone wat nie die eerste kursus kan bywoon nie, maar ons versoek dat u asb. ‘n poging daarvan sal maak om nie die eerste kursus mis te loop nie.

30 Januarie (Verwys ook asb na die Admin omsend)

Koste R90 + R50 vir handleidings

Persone wat vir albei registreer kry R40 krediet vir die ete aangebied.

Name nie later as Maandag 25/1 asb.

Noord Kursus – Desirie v/d Walt/Leon Faasen/Jan Bezuidenhout/Irene Schutte

Suid Kursus – Micheal Luff/Jan Etzebeth

REGSADVIES KOMITEE:

MEDIESE KOMITEE:

Alle mediese beamtes moet asseblief so gou as moontik hulle “buite stoei” kwalifikasies aan die mediese komitee deurgee sodat dit in die mediese data basis opgeneem kan word, en dat die komitee kan sien hoe hulle die pesoone die beste kan aanwend tydens toernooie sodat die persoon kan help met werk wat binne sy veld van kundigheid val.

ALGEMEEN:

PASPOORTE: (*HERHALING*)

Permanente paspoorte sal ‘n vereiste word met graderings deelname in die toekoms en moet getoon word tydens die inmeet beginende 2010.

Verenigings moet ouers aanmoedig om paspoorte uit te neem vir die stoeiers sodra die stoeier 15 jaar oud is. Indien die stoeier wel in besit van ‘n geldige paspoort maar dat die veval datum naby is moet die stoeier vroegtydig aansoek doen vir ‘n nuwe paspoort en dan moet die bewys van die aansoek byderhand wees asook ‘n afskrif van die ou paspoort.

Beamptes, Afrigter en Spanbestuurders wat van plan is om buiteland toe te gaan moet ook asseblief vroegtydig hul dokumente in orde hê. Om veilig te wees maak altyd seker jou paspoort is vir die volgende twalf maande geldig.

Paspoorte sal ‘n vereiste word met graderings deelname in die toekoms en moet getoon word tydens die inmeet beginende 2010, waar die graderings toernooi geskoei word op Internationale toernooie moet mens in elk geval ‘n paspoort by die skaal toon.

Verenigings moet ouers aanmoedig om paspoorte uit te neem vir die stoeiers sodra die stoeier 15 jaar oud is.

FILA LISENSIES:

Alle stoeiers wat die eerste keer aansoek doen vir 'n Fila lisensie moet die Lisensie vorm invul en 'n kleur paspoort foto na die SASF Sek. Gen.stuur tesame met die vorm.

Betaling vir alle 2010 Fila Lisensies moet in die SASF rekening gedoen word en die bewys van betaling moet aan die SASF Sekretaris Generaal en die SASF Tesourier gestuur word. Gefaks of ge-pos.

Koste van Fila lisensie is R1000-00.

FILA licence is obligatory for all Junior and Senior wrestlers taking part in a competition entered in the

FILA calendar, as well as for Cadet wrestlers taking part in Continental Championships.

All wrestlers holding a FILA licence are insured for all competitions entered in the FILA calendar. If you buy it in 2010, it is valid from the date of your payment until 31.12.2010. It guarantees medical expenses in case of an

accident at the competition.

Sincerely yours

Raphaël Martinetti

Die nuwe Fila reelboek bekikbaar is op Fila se Web bladsy: www.fila-wrestling.com

Sit ook in dat die Stoeivereniging asb alle SASF briewe en inskrywings vorms deeglik moet lees en seker maak wanneer is die sluitings datums vir inligting na die SASF.

LEWENLANGE ERE-LEDE.

Lewenslang ere-lede kan deur die jaar genomineer word en aan die Sekretatis-Generaal deurgestuur word vir oorweeging die einde van die jaar.

Die aansoek moet asseblief deur ‘n CV vergesel word wat die pesoon se betrokkenheid by stoei bevat en waarom u vereeniging die persoon aanbeveel. En asseblief dit moet deur die vereeniging gestuur word sodat dat hulle die feite kan bevestig.

Vriendelike Stoeie Groete

Hennie van Heerden

AANGEHEG:
Aansoekvorm vir nuwe FILA lisensies.
FILA omsendskrywe